

**10 Julie**

**Matteus 25:6 en 8**

***Die skeiding***

Die tien meisies is op pad om die bruidegom in te wag. Eers die opgewondenheid en gereedmaak en daarna die eindelose gewag op die bruidegom. Hierdie dinge begin nou 'n uitwerking op die meisies te hê en hulle raak aan die slaap.

"Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!". Nou word die verskil baie gou duidelik. As die roep middernag weerklink is dit reeds te laat. Die wagtyd is die geleentheid om alles in gereedheid te bring. Vyf van die meisies het betyds voorsorg gemaak, maar vyf staan by hulle uitgebluste lampe. Die bruilofstoet vertrek na die feesmaal... In vers 10 staan: "...en die deur is gesluit..." PUNT! Vind u dit nie verskriklik nie?

Tog verkeer die onverstandige meisies onder die indruk dat hulle ook 'n reg het op toegang tot die feesmaal. Matteus 7:22: "Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?'" Hulle het mos ook gewag op die bruidegom net soos die ander, en daarom "Meneer, Meneer, maak vir ons oop!" Die antwoord is verpletterend: "Ek sê vir julle: 'Ek KEN julle nie!'" Reeds in Matt 7 sê Jesus: "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here', sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."

Dit dwing my op my knieë. Ek smeek: "Leer my Heer u regte weë, wys die regte pad my aan; maak my hart daartoe geneë om met lus daarop te gaan." Maar nooit in eie krag nie.

Sing Psalm 25:2 en 6

Ds. J. Kits (Carolina)